SU Language Centre
IZiko leeLwimi lase-SU
US Taalsentrum
STELLENBOSCH UNIVERSITY

Michelle Pieters
michellep@sun.ac.za
+27 (0)21 808 2812 | +27 (0)72 207 0366



# Gesprekvoering om gedragsverandering in die werksplek aan te moedig

ʼn Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

**Wil jy graag mense se eie motivering om nodige verandering in ʼn spesifieke omgewing te bewerkstellig, help versterk? As ʼn gespreksgenoot kan jy iemand bystaan om in te sien waarom verandering vir hulle tot voordeel kan wees – as ʼn beroepspersoon in die werksplek, maar ook in ʼn gesinsopset of as ʼn vriend.**

**Waarop fokus hierdie kortkursus?**

Ons sal jou bekendstel aan ʼn nuwe, bewysgebaseerde kommunikasiebenadering vir die ontlokking van gereedheid vir verandering in mense – gewoonlik werknemers. Hierdie benadering staan bekend as motiverende onderhoudsvoering (MO).

Mense wat met verandering gekonfronteer word, voel dikwels ambivalent oor die keuses tot hulle beskikking. Hulle sien dalk die voordele van die nuwe gedrag vir hulself en die organisasie in, maar vind dit ook moeilik om die kopskuif te maak.

Jy sal praktiese ondervinding opdoen van onderhoudstegnieke wat iemand se ambivalensie oor verandering ten gunste van daardie verandering kan help swaai. Dit is ʼn waardevolle hulpmiddel in die gereedskapskissie van enige professionele kommunikeerder.

**Wie kan die kursus bywoon en watter loopbaanvoordele hou dit in?**

As kommunikasie oor organisatoriese verandering wat werknemers se werk raak, deel van jou werk as bestuurder of MH-beampte is, is hierdie kursus vir jou bedoel. Dieselfde vaardighede kan op talle ander gebiede waar verandering gefasiliteer moet word, ook toegepas word.

Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die kontaksessies word deur ʼn aanlyn komponent aangevul, en sekere aspekte van die kursus word geassesseer.

**Is daar enige voorvereistes?**

Jy sal ʼn rekenaar en betroubare internetblaaier benodig wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal ʼn betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld.

Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

**Is daar enige voorvereistes?**

Jy sal 'n rekenaar en betroubare internetblaaier benodig wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal 'n betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld.

Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

**Waar en wanneer vind die kursus plaas?**

Ons bied hierdie kortkursus gedurende **twee aanlyn sessies (09:00 tot 11:00), en twee kontaksessies (09:00 en 12:00)** aan. Aanlyn sessies word op MS Teams gefasiliteer, en kontaksessies vind plaas in die Taalsentrum se Seminaarkamer by Kleine Bosch, Banhoekweg 44, Stellenbosch.

Ons kursusse kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, met aanlyn leer wat jy op eie stoom doen.

Hierdie kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste regstreekse aanlyn sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind.

| **Aanlyn sessies** (09:00 tot 11:00)<br>**en**<br>**Kontakdae** (09:00 tot 12:00) | **Duur van die kursus**<br>(openings- en sluitingsdatums) | **Skryf in voor** |
|---|---|---|
| **Aanlyn sessies** op 2 en 9 Oktober<br>**Kontakdae** op 16 en 23 Oktober | 11 September tot 6 November | 11 September |

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- twee kontakoggendsessies van drie ure elk
- ongeveer vier uur per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

**Wie is die aanbieder?**



Prof Carel Jansen is 'n emeritusprofessor in Kommunikasie- en Inligtingstudie aan die Universiteit van Groningen se Fakulteit Lettere in Nederland. Hy is ook 'n US Taalsentrum-navorsingsgenoot. Lees meer oor hom hier.

**Wat kos dit?**

Die kortkursusfooi is R3 950 per deelnemer, wat kursusmateriaal, assesserings en sessies met die aanbieder insluit – aanlyn of van aangesig tot aangesig. Jy sal ook toegang hê tot die aanlyn platforms.

Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees. Let ook daarop dat ons hierdie kursus net sal aanbied wanneer ʼn minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.

Klik hier en voltooi die vorm indien jy belangstel om hierdie kursus by te woon. **Ons sal jou kontak met die skakel om in te skryf.**

**Enige verdere vrae?**

Skakel met Michelle Pieters vir meer besonderhede by michellep@sun.ac.za of 021 808 2812.

Jy kan ook jou spesifieke kortkursus- en ontwikkelingsbehoeftes met ons bespreek. Doen gerus navraag oor beskikbare kortkursusse, datums en die moontlikheid van pasgemaakte kursusse.